

Gereformeerde Kerk Bellville – 31 Desember 2016 – Aand

Sing vooraf staande: Psalm 147:1, 2 (p. 704)

- 1 Laat voor die HEER 'n lofsang rys! / Hoe goed is dit om God te prys!
Hoe lieflik om die lof te sing, / die lof wat ons aan Hom moet bring!
Want Hy wil ons in guns aanskou, / Hy wil Jerusalem herbou
en Isr'el wat verstrooid nog swerf, / versamel op die heil'ge erf.
- 2 Hy heel gebrokenes van hart, / en Hy verbind hul in hul smart.
Sy oë speur oneindig ver; / Hy tel en roep die laaste ster;
sy krag en kennis, ongemeet, / oorwelf al wat ons ken en weet.
Sagmoediges verhef Hy weer, / maar goddeloses werp Hy neer.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 146:1, 3 (p. 700)

- 1 Prys die HEER met blye galme, / o my siel, daar 's ryke stof!
'k Sal, solank ek leef, my psalme / vrolik toewy aan sy lof
en Hom, wat sy guns my bied, / altyd groot maak in my lied.
- 3 Salig hy wat in die lewe, / sonder hulp en sonder raad,
as hom alles wil begewe, / vlug tot God, sy toeverlaat;
en ook in die swartste nag / op die HERE^oalleen bly wag.

Gebed

Psalm 75:1, 4, 6 (p. 377)

- 1 U alleen, U loof ons bly – / ja, ons jubel tot u eer!
Want u Naam is, troue HEER, / vir u volk tot troos naby.
Daarom roem ons in ons land / al die wonders van u hand.
- 4 Die verlossing, roem en eer / kom nie uit woestyne ver,
nie uit oos of weste her; / want die Regter is die HEER.
Hy sit bo die hemelboog – / Hy verneder en verhoog.
- 6 God van Jakob, lof en prys / sing ek ewig tot u eer!
Hoë horings werp ek neer / wat teen U het opgerys.
Maar ons horing, swaar getref, / word deur God weer opgehef.

Skriflesing: Psalm 90; Jesaja 21:11-12

Kernverse: Jesaja 21:11-12

**'n Uitspraak van die Here teen Duma: Iemand roep na my van Seir af:
“Wag, wanneer is die nag verby? Wag, wanneer is die nag verby?” Die
wag antwoord: “Die môre het gekom, maar dit is nog nag. As julle weer
wil kom vra, kom vra gerus, julle kan elke keer weer kom vra.”
(Jesaja 21:11-12 AFR 1983)**

Tema: Wag, wanneer is die nag verby?

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, ons almal ken die uitdrukking: Dit is nag!
Daarmee bedoel ons dat die moeilikheid groot is en in sommige gevalle voel dit of die
moeilikheid onhanteerbaar groot is. Dan is dit nie net nag nie; dit is sommer pikswart
donker nag.

Vir baie van ons was 2016 so 'n donkernagjaar as gevolg van 'n hele klomp redes. Vir sommiges van ons is dit miskien nog nag om verskeie redes. En dit is gewoonlik so aan die einde van 'n moeilike jaar dat mense sê: Ons hoop die nuwe jaar hou vir ons beter tye in as die jaar wat verby is. Miskien hou die nuwe jaar vir ons huisgesin en ons huwelik beter dae in as wat verby is. Ons hoop dat die nuwe jaar vir ons as gemeente 'n voorspoedige jaar sal wees. Ons wens dat ons land voorspoed sal beleef in 2017.

Dit is nie net ons wat hoop en wens vir 'n beter toekoms nie. Alle mense doen dit; ook die mense wat geen erg aan 'n verhouding met die Here het nie, doen dit. Ons hoor dit in ons kernverse hier in Jesaja 21 ook. Laat ons daarom eers stilstaan en luister wat die Here in hierdie twee verse aan ons openbaar.

Jesaja is deur die Here self aangestel as profeet om die Woord van die Here aan die volk Israel te bring. Hy moes Israel gaan waarsku met die waarskuwings van die Here oor hulle sondes. As Israel hulle nie tot die Here wil bekeer nie, sal die straf onafwendbaar kom. Die Here sal dan die goddelose Babiloniërs gebruik om Israel uit hulle land uit weg te vat, die stede en die tempel te verwoes, totdat die Here tevrede is. Jesaja het die volk gewaarsku, maar afgesien van die enkele gelowiges wat aan die Here getrou gebly het, het die volk hulle nie aan die Here se waarskuwings gesteur nie. En 150 jaar nadat Jesaja as profeet begin optree het, is Jerusalem se mure afgebreek, die tempel verbrand en die volk as gevangenes weggevoer na Babilonië toe.

Rondom Israel het daar baie ander volke gelewe en hulle het hulle afgode gedien. Die feit dat hulle hulle afgode gehad het, het egter nie beteken dat hulle geheel en al los van die Here was nie. Die heidene het gedink dat elke volk se gode net oor die spesifieke volk se grondgebied kon regeer. Wat 'n fout het hulle nie gemaak nie! Die Here ons God, die Here wat die hemel en die aarde gemaak het, is God oor alles en almal – ook oor die mense wat Hom nie wil erken as die Here nie. Daarom het die Here deur sy profete ook waarskuwings gegee aan die heidense volke. En die een rede hoekom die Here dit vir ons in die Bybel laat opteken het, is sodat Israel getroos kon word om te weet dat die Here ook seggenskap het oor die heidene wat Israel so verkleineer het. En 'n tweede rede is sodat Israel ook die waarskuwing wat aan die heidene gegee is kon hoor en die Here nog meer gehoorsaam.

Een van hierdie baie volke wat rondom Israel gelewe het, was die Edomiete. Hulle was die nageslag van Esau, die broer van Jakob. Esau was nie regtig besorg oor die gawes wat die Here vir hom as oudste seun laat toekom het nie. Hy was meer besorg oor sy voorspoed in die hede. Hy wou dit nou goed gehad het, nou lekker gelewe het. Die beloftes van die Here het hom nie gepla nie. Daarom het hy sy eersgeboortereg maklik vir Jakob gegee in ruil vir 'n pot sop. En toe Jakob later op 'n bedrieglike manier ook nog die eersgeboorteseën voor Esau weggesteel het, was die gort gaar. Daar het vyandskap tussen Esau en Jakob gekom, so erg dat Esau vir Jakob wou doodmaak. Hierdie vyandskap tussen Esau en Jakob het in hulle nageslagte voortgeduur. Toe Israel, die nageslag van Jakob, deur die Babiloniërs gevange geneem is en Jerusalem en die tempel verwoes is, het die Edomiete, Esau se nageslag, hulle verlekter in die swaarkry wat Israel getref het.

Die Edomiete het hoogmoedig gedink dat hulle niks sou oorkom nie. Hulle stede is in die berge en hulle het 'n goeie weermag. Dit is net Israel wat deur die Babiloniërs getref is; hulle sou niks oorkom nie. Hierdie selftevredeheid het nie lank geduur nie. Vyf jaar nadat Jerusalem tot 'n val gekom het, het Nebukadbesar, die koning van Babilonië, die Edomiete se land ook ingeneem toe hy op pad was om die Egiptenaars te gaan oorwin.

In opdrag van die Here het Jesaja 150 jaar voordat die land van die Edomiete verwoes is hierdie uitspraak van die Here oor Edom gemaak. Reeds in die bynaam wat die Here vir Edom gee, is die oordeel al gehoor. Die naam *Duma* beteken *die doodse stilte van die graf*. Edom wat so selftevrede is en so vol van hulle eie wysheid en krag sal doodstil word. Daar sal nie meer wyse manne in die poorte van die stede sit nie. Die gewoel en gewerskaf van die stadsewe in Edom sal doodstil word. Die Here sal die grootpraterige monde van die Edomiete stilmaak vir altyd. Dit sal doodstil word in die land van die Edomiete.

Nou, geliefdes, kan ons onself voorstel hoe hierdie eensame stem van die verlate Seirberge af geroep het tot die profeet, wat die wag op die wagtoring is: **Wag, wanneer is die nag verby?** Dit is 'n dringende vraag, want die eensame roep twee maal: **Wag, wanneer is die nag verby?** Die wag op die wagtoring behoort te weet, want hy staan hoog en kan ver sien. Hy sal 'n aanduiding kan gee as die dag begin breek in die ooste.

Vir Israel en Edom is dit nag, want Nebukadnesar het albei lande met sy weermag ingeneem. Jerusalem se mure is verwoes, die tempel is gestroop en afgebrand. Op die troon van Dawid is daar nie meer 'n koning nie. Edom se sterk stede is ingeneem. Dit is net die armste mense wat nog daar in die berge van Seir oorleef. Dit het werklik grafstil geword in Edom.

In hierdie nag kom die eensame klaagstem: **Wag, wanneer is die nag verby?** Maar hierdie gekla van Edom is nie 'n gekla oor die sonde waaraan hulle hulleself skuldig gemaak het nie. Dit is ook nie 'n geroep na die ware God nie. Nee, Edom vra eerder wanneer hierdie ongunstige tyd van armoede en swaarkry verby sal wees. Vir Edom, soos vir Esau van destyds, gaan dit nog steeds net oor die lewe hier op aarde – die hier en nou. As hulle tog maar net nou gemaklik kan lewe, sal dit goed wees. Daarom die vraag: **Wanneer is die nag verby?** Is daar nog nie 'n skynsel op die horison nie? Wanneer gaan die beter dae aanbreek?

Hoor nou die antwoord, broers, susters en kinders. Die wag sien goeie dinge: **die môre het gekom**. Dit is goeie dinge, ja, maar dit is vir die volk van God. Die wag sien die dag wat aan die breek is vir Israel. Die Here gaan koning Kores aanstel oor die wêreld. Hy sal Israel laat terugkeer na hulle land. Jerusalem se mure sal herbou word en die tempel ook. Op die troon van Dawid sal weer 'n koning uit die nageslag van Dawid regeer. Jesaja is die profeet wat al geprofeteer het van die loot wat uit die stomp van Isai sal uitspruit. Jesaja, die wag op die toring, sien ook die Kneg van die Here – Hy wat die lig vir die volk van God bring. Die Kneg van die Here sal die sonde van die volk, die sonde wat die nag in hulle lewe veroorsaak het, op Hom neem en wegneem vir die volk van die Here. Hy sal die mense kom verlos sodat die ewige lig van die Here oor hulle sal skyn. Die Kneg van die Here bring die dag waarin dit nooit weer nag sal word nie.

Maar is die dag ook aan die breek vir Edom? Nee, solank as wat Edom Edom bly, sal die môre nie vir hulle kom nie. Daarom lui die antwoord: **Die môre het gekom, maar dit is nog nag** – nag vir Edom. En dit sien ons ook in die geskiedenis, geliefdes. Kores het Israel se stede herbou – nie Edom s'n nie. Edom se stede en grondgebied is vir altyd verwoes.

Natuurlik het die son oor Israel nie opgekom om dit net in hierdie lewe goed te hê nie. Alhoewel die een wêreldryk na die ander oor Israel geheers het, en dit soms gelyk het of

die duister nag weer toesak, het die glinstering van die môererooi al helderder geword. En die dag toe Jesus Christus gebore is, sê Johannes, het die lig in die wêreld ingekom, en die duisternis kon dit nie oorweldig nie. Ja, die Edomiete het probeer om ook hierdie lig uit te doof. Herodes, wat koning was tydens Jesus se kruisiging, was uit die nageslag van Edom. Vir hom en baie van die Jode wat op Edom getrek het, het dit gelyk asof hulle die wêreld in duisternis gedompel het toe hulle van Jesus ontslae geraak het. En vir drie ure lank het dit gelyk asof dit nag geword het vir altyd. Maar dit was nag, helder oordag, nie vir die mense nie, maar vir die Seun van God toe Hy die helse smart en bange Godverlatenheid aan die kruis gely het vir jou en my en die hele wêreld se sondes.

Die antwoord het vir Edom egter nie so stomp opgehou nie. Die wag het verder gesê: **As julle weer wil kom vra, kom vra gerus, julle kan elke keer weer kom vra.** Dit het Edom vry gestaan om weer te kom vra. Maar die wag is bevrees dat, as daar geen verandering by Edom kom nie, as daar geen bekering kom nie, die antwoord vir hulle dieselfde sal bly. Dit sal nog nag bly vir hulle totdat hulle hulle tot die Here bekeer. Dit is immers waartoe die Here vir Edom oproep. Die woord wat hier vertaal word *om weer te kom*, is dieselfde woord wat vertaal word met *bekeer*. As Edom weer kom vra en daar het verandering in hulle harte gekom, wie weet of die lig nie miskien vir Edom sal opgaan nie.

Geliefdes, ons raak nou al ongeduldig en vra: Wat het hierdie twee verse wat die Here oor Edom uitgespreek het, met ons te doen aan die einde van 2016 in Bellville? Aan die einde van hierdie jaar vra ons 'n soortgelyke vraag as wat Edom gevra het: Hoe lyk die toekoms vir ons? Is daar vir ons lig aan die einde van die tunnel? Het die donker wolk oor ons ook 'n silwer randjie? Wat sal in die nuwe jaar in die wêreld gebeur? Sal dit in ons land beter gaan of sal die verval net nog verder voortduur? Hoe sal dit met die kerk van die Here gaan? Sal daar nog meer afvalligheid kom? Sal lidmate nog meer hulle ore toedruk wanneer die Here hulle tot bekering roep? Sal ek en jy in ons geloof groei of gaan daar weer 'n insinking kom?

So baie vrae en niemand van ons ken die antwoord nie. Hoe graag sal ons ook 'n wag op die toring wil hê wat vir ons die toekoms in kan kyk en antwoord. Ons het so 'n wag, geliefdes. Die Heilige Gees van ons Here Jesus leef en werk in ons. Hy gee vir ons ook die antwoord vanaand. Tog moet ons mooi daarop let. Die vraag in ons Skrifgedeelte kom van die on-gelowige Edom. So is daar vandag ook baie ongelowiges wat dieselfde vraag vra. Maar dan sal hulle dieselfde antwoord as Edom kry – **die môre het gekom, maar dit is nog nag.** Solank as wat die mense nie hulle lewe in Christus by God gaan soek nie, sal dit nag bly in hulle lewens.

Vir die gelowiges is daar egter troos. Alhoewel ons nie antwoorde op al ons baie vrae oor die toekoms kry nie, hoor ons tog dat die môre gekom het. Jesus Christus het met sy dood en opstanding die sonde, die Satan en die dood oorwin. Hy is die Lig vir die wêreld en kan nooit uitgedoof word nie. Aan Hom behoort alle mag in die hemel en op aarde en Hy regeer tot in alle ewigheid.

As ek en jy, broer en suster en kind, vanaand kom vra: **Wag, wanneer is die nag verby?** Wat hou die toekoms vir ons in? Sal dit in 2017 beter gaan? moet ons weet hoe ons hart voor die Here God is.

Leef daar nog onbekeerlikheid in ons, is dit nog nie vir ons erns om ons hele lewe aan God toe te wy nie, wil ons nog nie dat Christus ons hele lewe deur sy Woord en Gees beheers nie, reserveer ons nog dele in ons lewens waar ons alleen baas wil wees, dan is ek bevrees, broer, suster en kind, gaan ons nie 'n ander antwoord as Edom kry nie. Oor

die volk van die Here het die ewige môre aangebreek, maar oor jou en my is dit dan nog nag. Die feit dat ons die vraag vra, gaan ons nie salig maak nie. As ek en jy nie soos 'n verlore kind na Christus toe kom om by Hom genade te ontvang en verlossing van ons skuld nie, sal ons met ons vraag nie beter word nie. Ons sal weggestuur word met die woorde: **As julle weer wil kom vra, kom vra gerus, julle kan elke keer weer kom vra.** Ja, laat ons weer kom, laat ons terugkom na God toe. Eers wanneer ons tot God terugkeer en Christus se seggen-skap oor ons hele lewe erken, sal ons die troosryke antwoord hoor.

Of is dit met jou anders gesteld, geliefde broer en suster? Is dit vir jou 'n heilige erns dat Christus met sy Woord en Gees jou ganse lewe beheer? Is Hy jou enigste en volmaakte Verlosser by wie jy skuiling vind? Dan is hierdie troosryke antwoord vir jou bedoel: **Die môre het gekom.** Hoe donker dit ook al om jou mag wees, hoe skemeragtig dit nog om jou mag lyk as gevolg van sondes waaroor jy berou het en dit bely het, weet verseker dat die verlossing vir jou aangebreek het. Christus regeer in jou lewe. Sy Gees is jou altyd naby om jou deur watter swaar omstandighede, ja, deur nood en dood heen te lei tot sy ewige heerlijkheid waar die son nooit weer sal ondergaan nie. Bly jou hoop en vertrou op die Here stel. Hy is getrou.

Broers, susters en kinders, ons almal het van nature iets van Edom se geaardheid in ons. In plaas daarvan om die beloftes van die Here met albei ons hande aan te gryp en deur die geloof dit ons eie te maak, soek ons eerder die voorspoed van hier en nou. So baie mense – ongelowiges en gelowiges, ons ook – vra na wêreldse voorspoed. En wanneer ons in benoudheid kom, sal ons nog vra: **Wag, wanneer is die nag verby?** Sal 2017 vir ons finansiële voorspoediger wees? Sal die resessie se greep gebreek word in die nuwe jaar? Eerlik, by ons almal is daar nie altyd die ware geestelike erns nie. Laat ons daarom nie in hierdie nag stol nie. Laat ons nie gelok word deur die kunsmatige lig van hierdie wêreld en uiteindelik in die ewige nag verval nie. Laat ons onself uitstrek na die môre wat oor God se volk gekom het. Laat ons aanhoudend daarna streef om in die lig van Christus te lewe. Ook vir die mens wat van nature 'n Edomiet is kan daar reiniging en verandering kom deur die bloed en Gees van Christus. Die Here self sê dit vir ons in die evangelie volgens Markus:

'n Menigte mense het van Galilea af agter Jesus aangegaan. Ook van Judea af, en uit Jerusalem en van Idumea. (Markus 3:7-8 AFR53)

Idumea is 'n ander naam vir die Edomiete.

2017 sal vir ons voorspoedig wees wanneer ons naby die Here bly lewe.

Amen!

Slotgebed

Psalm 42:1, 5 (p. 214)

- 1 Soos 'n hert in dorre streke / skreeuend dors na die genot van die helder waterbeke, / skreeu my siel na U, o God!
Ja, my siel dors na die Heer, / na die Lewensbron; wanneer sal 'k, ná swerftog en benouing, / God weer sien in klare aanskouing?
- 5 Maar die HEER sal in my lewe / weer oordag sy guns gebied.
Ook deur donker nag omgewe, / sing ek nog my pelgrimslied.
Ja, ek lofsing in die nag, / want ek bly die HEER verwag;
my gebed sal opwaarts strewe / na die bronwel van my lewe.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Ds Coen Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
31 Desember 2016